

# Voorwoord

Dit is verblydend om te sien dat daar die afgelope tyd 'n groeiende belangstelling is vir Suid-Afrikaanse genealogiese inligting en familienavorsing, veral onder die Afrikaanse stamfamilies. Die hoofredes hiervoor kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die veranderde politieke omgewing, asook nuwe tegnologie soos aftasters, digitale kameras, elektroniese databasisse en die Internet. Dit is asof daar nou 'n dringende behoefte onder Afrikaners bestaan om hul wortels te herontdek en te boekstaaf vir die nageslag. Miskien was ons redelik apaties in die verlede en het ons geglo dat ons geskiedenis en herkoms goed nagevors (en befonds!) word deur staatsinstansies, 'n paar professionele genealoë en afgetrede entoesiaste. Ons vind nou dat al meer jonger mense betrek word by familienavorsing en met behulp van die moderne tegnologie die navorsing deelyds kan aanpak in tydskaal wat heelwat korter was as wat vir die vorige generasie navorsers moontlik was.

Dit is hartseer om te sien hoe ons begraafplase agteruitgaan en hoe ons kosbare argiewe, soos die Nasionale Argief en die NGK Argief, dienste moet afskaal. Pragtige plase met historiese wonings en familiegrafte word omskep word in trosbehuising en sekuriteitsghetto's. Die aftakeling en wegry van die historiese familiekelder op Oude Westhof (die Van der Westhuizen-stamplaas) naby Durbanville is 'n sprekende voorbeeld hiervan, ten spyte van oproepe in die plaaslike koerant van besorgde lesers. Verder is ek innig spyt, net soos baie van ons, dat ek nagelaat het om met my vader gesels oor ons familiegeskiedenis voor hy oorlede is. Daar is kosbare stukkie inligting wat ek, ten spyte van al my navorsing, nooit sal kan terugkry nie.

Dit is teen hierdie agtergrond dat ek, soos baie ander professionele persone, besluit het om ten spyte van werkslading die moeilike taak aan te pak om ons familiegeskiedenis na te vors en te boekstaaf. Daar is 'n klemverskuiwing vanaf die ou benadering om slegs geslagsregisters te publiseer na 'n breër familiegeskiedenisbenadering wat die familie se lewe beskryf in 'n politieke, kulturele en ekonomiese konteks (natuurlik ook met die relevante geslagsregisters) in beide gedrukte en elektroniese media. In hierdie boek het ek juis probeer om die Walters-geskiedenis so akkuraat as moontlik te beskryf aan die hand van gebeure wat hierdie familie se geskiedenis dramaties beïnvloed het, soos byvoorbeeld die vervolging van Protestante in Oostenryk, die Turkse beleg van Hongarye, die VOC, Adam Tas se opstand, die ontwikkeling van die landbou, die uitbreiding van die spoornetwerk na die noorde en die Anglo-Boereoorlog.

Alhoewel die Walters-familie reeds met elfdegenerasie kinders (die eerste in 1974) kan spog, het ek besluit om slegs die inligting vanaf die stamvader tot en met die agste generasie hier te publiseer. Die redes hiervoor is dat die geslagsregisters tot en met die agste generasie redelik goed nagevors is en redelik volledig is, asook die feit dat die agste generasie Walterse meestal omstreeks 1900 gebore is en dat die meeste lesers weet wie hulle onmiddellike voorouers (ouers of grootouers) is en derhalwe maklik hulle skakel in die Walters-familieboom kan kry. Geslagsregisters is ook nooit volledig nie: dit groei en moet dus gedurig opgedateer word. Dit raak al hoe moeiliker om die negende generasie, gebore gedurende die vyftigerjare (die skrywer is 'n negendegenerasie Walters), die tiende generasie gebore in die laat 1900's en die elfde generasie rondom die nuwe millennium volledig na te vors. Die nuutste Walters-geslagsregister is volledig beskikbaar op die Internet (<http://www.waltersfamilie.co.za>) en word gereeld opgedateer sodra nuwe inligting bekom word. Hierdie boek sal ook beskikbaar gestel word in 'n elektroniese weergawe op 'n kompakskyf.

Die pad na hierdie boek was een ongelooflike ontdekkingsreis en een van die wonderlikste ervarings van my lewe. Die pad het waarskynlik al lank gelede begin met 'n oom (Dominee Jan Brink van Vanwyksvlei) wat gesê het dat hy in boek gelees het dat die Walterse van Tjeggo-Slowakye kom. Dit was nog altyd vir my vreemd aangesien ons skoolgeskiedenis meestal die Franse, Duitse en Nederlandse afkoms beklemtoon het. Vandag weet ek dat hy verwys het na De Villiers en Pama se boek oor die geslagsregister van ou Afrikanerfamilies. Jare daarna (na my vader se dood in 1998) het ek in die Bellville-biblioteek op die ingewing van die oomblik bogenoemde boek oopgemaak en ontdek dat daar weinig inligting oor die Walters-nageslag bestaan. Die naam Nicolaas, die tweede seun van stamvader Samuel Walter (nie Walters nie!), het my opgeval aangesien dit ook my doopnaam is. Onmiddellik het ek begin wonder hoe ek inskakel en gedink dat dit maklik sou wees om die skakel te kry (sonder om te besef dat daar vyf generasies se inligting kort om die skakel te maak) en om ook vinnig 'n Waltersfamilieregister saam te slaan! Min het ek geweet wat die volgende vyf jaar vir my sou voorlê.

Vanaf die klein begin by die Bellville-biblioteek het die navorsing uitgekring en gelei tot vele besoeke aan die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika in Stellenbosch; die Nasionale Argiewe in Kaapstad, Pretoria, Bloemfontein en Pietermaritzburg; die Meester van die Hoofgeregshoue in Bloemfontein, Kaapstad en Kimberley; die NGK Argiewe in Kaapstad en Bloemfontein; die Rijksargief in Den Haag; kerke en argiewe in Bratislava, Slowakye; genealogiese navorsingsentrums in Wene, Oostenryk; verskeie Wes-Kaapse, Bolandse, Noord-Kaapse en Gautengse begraafplase, talle besoeke aan vriende, kennisse en verlore familieskakels, museums en instansies asook honderde ure op die Internet. Daar was natuurlik baie frustrasies, veral as gevolg van onvolledige inligting op dokumente soos sterfkenningsgewings, sterftes wat nooit aangee is nie of dokumente wat weggeraak het, moeilik leesbare en onleesbare skrif en die lang ure om te wag vir dokumente by die argiewe net om te ontdek dat dit nie die regte dokument is nie. Al hierdie frustrasies was die moeite werd gesien teen die agtergrond van die ongelooflike ontdekkings en ervarings.

Ek wil graag drie sulke ervarings deel met die leser. Sedert die tagtigerjare woon ek in die boomryke woonbuurt Kenridge in Durbanville en het die voorreg om uit te kyk op die Tygerbergheuwels met die pragtige plase Bloemendal en Altydgedacht, asook die voorreg om langs die wingerde van Altydgedacht te stap wat teenaan die woonbuurte geleë is. Dit is moeilik om die emosie te beskryf toe ek ontdek het dat Samuel Walter, ons stamvader, se eerste plaas De Tijgerberge was, die plaas wat later Altydgedacht sou word. Ek woon dus al jare lank teenaan die stamplaas van ons Walters-nageslag waar die drie jong Walters-seuns, Daniël, Nicolaas en Stephanus, grootgeword het.

Die tweede emosionele ervaring was tydens die besoek aan die pragtige Middeleeuse stad Bratislava, hoofstad van Slowakye. Dit het vir my gevoel of ek (en die Walterse) deel van hierdie stad was. Ek het binne enkele ure die Protestantse kerkie gekry waar Samuel waarskynlik gedoop is of kerk toe gegaan het. Dit is merkwaardig veral as 'n mens daaraan dink dat die taal meestal Slowaaks is en ek maar op instinkte gereageer het. Ek het hier die wortels van sy Christelike waardestelsel ervaar wat hy oorgedra het aan sy nageslagte, 'n tema wat ek op verskeie plekke in die boek aanraak.

Die laaste ervaring wat ek wil deel is my tweede besoek aan die Den Haagse Rijksargief in 2003. Gedurende my eerste besoek het ek onsuksesvol die naam van die skip probeer opspoor waarmee Samuel na Suid-Afrika gevaar het. Terug in Suid-Afrika het ek eendag uit frustrasie na 'n paar geskifte in die Kaapse Argief geloer van die Verbatum Kopie wat bestaan uit afskrifte van ou dokumente en foto's. Ek het bloot toevallig die naam van 'n

moontlike skip, die *Assendelft*, gekry in 'n kopié van die monsterrol (opname van persone) van 1705. Nie een van die amptelike monsterrolle in Kaapstad of Den Haag vanaf 1698 het hierdie inligting bevat nie. Gedurende my tweede besoek aan die Rijksargief het ek in groot afwagting en spanning die oorspronklike skeepsoldyboek van 1695 van die *Assendelft* aangevra. Binne enkele minute het ek Samuel Walter van Presspoort se inskrywing gekry en moes noodwendig uitbundig my emosies toon in die straat buite die Argief op 'n koue en nat wintersoggend. Vir die eerste keer kon ek vasstel op watter skip, wanneer en van waar Samuel vertrek het, sy soldy, asook belangrike datums soos sy vryburgerwording en sterfdatum, aangesien die skeepsoldyboek 'n volledige inventaris bevat van 'n amptenaar vandat hy aangestel is totdat hy terugkeer of sterf.

Ek wil graag al die persone bedank wat vir my gehelp het met die navorsing en voorbereiding van die manuskrip, asook die ou oom in die Strand wat nie vir my inligting wou gee nie, omdat ek geld wil maak uit hierdie projek! Ek wil egter graag my twee kinders Nicolas en Dorette (albei tiendegenerasie Walterse) uitsonder. Nicolas dra die naam van sy tweedegenerasie voorvader, stamvader Samuel se tweede seun, as gevolg van agt generasies se volharding met die wonderlike paternalistiese benamingskultuur van ons Afrikanerfamilies. Ek stel hulle geduld met hulle pa, wat al sy kwaliteit familietyd bestee het aan die Walters-navorsing en van more tot die aand gesels het oor Samuel Walters en sy nageslag, hoog op prys. Ek is seker hulle het somtyds gehoop hulle was liever afstammeling van een van die Afrikanerfamilies wat alreeds goed nagevors is. Ook wil ek graag Coenraad Hendrik Walters van Somerset College, Somerset-wes, en sy suster Cila Walters bedank vir hul redigering van die manuskrip. Laastens wil ek my moeder, Margaretha Susanna Brink, bedank vir haar inspirasie en volgehoue belangstelling en steun vir hierdie projek.

Ek het hard probeer om so akkuraat as moontlik die feite weer te gee en het alle inligting waar moontlik gekruisverifieer en ook al my bronne volledig gelys. In baie gevalle moes ek noodgedwonge sekere aannames maak gebaseer op die inligting beskikbaar en ek aanvaar dat daar foute mag wees. Hierdie boek moet dus maar beskou word as 'n eerste poging en raamwerk en as bron om verdere navorsing te stimuleer. Ek hoop dat die leser saam met my hierdie wonderlike ervaring en ontdekking kan deel en vertrou dat hierdie boek 'n inspirasie sal wees vir ons jong Walterse om voort te bou op die droom van ons stamvader, Samuel, om 'n nuwe tuiste te skep vir sy nageslag. Ek is trots op my herkoms.

Nicolaas Matthys Walters (**ab2c1d1e6f1g13h1j1**)  
Durbanville, 2004